Die Lewende Kerk

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron
Sondag 31 Januarie 2016

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediensword gelei deur ds. Stephan Briel
Lees: 1 Tess 5: 1-11.
Fokus: 1 Tess 5: 11.
Gesindheid waarmee gelowiges moet wag op Jesus se wederkoms.

Omgee:

- Pastor Gordon Calmeyer is gediagnoseer met kanker. Hy was ook in die week opgeneem in die hospitaal met hoë koors.
- Lohann Briel (ds Stephan se broerskind) is nog steeds in die Donald Gordon hospitaal.

Offergawes:◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges.Ongemerk: instandhouding v/die erediens.

Afkondigings:☼

- Onthou ons **aanderediens** wat fokus op die jeug **vanaand** om 17:30. Almal is welkom om dit by te woon.
- **Kinderkerk**: al die kinders van 3 jaar tot graad 7 gaan vandag van 09:00 af na die klaskamers.
- Volgende **Oorwinnaarsnaweek DV 5-7 Februarie 2016 by Linden GK**. Koste is R200 per persoon wat ‘n werksboek en etes insluit vir Vrydagaand en Saterdag. Besprekings kan by ds Stephan gedoen word.
- **Die nuwe lyste** is agter in die kerk vir almal wat by teeskink en die gemeente se funksies help.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag**skink Groep 1: Hilda, Mariëtte, Annette en Susan. Volgende Sondag is dit Groep 2. Elma, Karla, Annemie en Maureen se beurt.
- Almal wat bereid is om opgelei te word om te help met die bedien van die **rekenaar en video** tydens eredienste word gevra om asseblief direk na vandag se diens op die galery bymekaar te kom.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Gebed

Om jouself te onderwerp aan GOD is ‘n teken van eerbied.

“The I must bend to become a C” (Christ like).

In ons begeerte om van Jesus se modelgebed in Joh. 17 te leer, het ons nog ‘n les om eerste leer. Dit is hoe om met oorgawe en vrywilligheid onder die Vader in die hemel se gesag te “submit”.

Die verhaal van die riviertjie. Eendag was daar ’n riviertjie wat gevloei het. Hoe verder die rivier beweeg het, hoe sterker het dit gevloei.Die riviertjie het nou sterk gevloei en het te staan gekom teen ‘n bos en met krag het hy voortgebeur en ‘n pad oopgebreek. Die riviertjie het gedink niks gaan hom keer nie. Sy volgende uitdaging was ‘n rots voor hom. Met mening het die riviertjie vorentoe gebeur en ‘n pad deur die rotse gebreek. Die riviertjie het nou baie sterk gevloei. Toe kom die riviertjie by ‘n woestyn. Die riviertjie het steeds vorentoe gebeur, die keer sonder sukses en die water het verwyn in die sand. Met ’n laaste poging het hy uitgeroep: “HELP!” ‘n STEM het vir hom gesê: **“surrender”**en hy doen toe so. Die son het oor die riviertjie beweeg en die water opgetel in ‘n wolk. Die wind het opgesteek en die wolk na vrugbare grond gewaai, waar dit gereën het op die gesaaides en baie vrug gedra het.

Hierdie verhaaltjie het my lewe verander. Die besef dat, om vrywillig en met oorgawe jouself te onderwerp aan iemand buite jouself, is dalk die beste keuse. Dit laat my dink aan ’n kruising sonder stoptekens. Indien twee voertuie vanaf verskillende rigtings die kruising nader moet een van die twee bereid wees om terug te staan om sodoende ’n ongeluk te vermy.

Toe Jesus op die aarde was, het Hy vir ons hierdie beginsel gedemonstreer.

Dadelik dink ons aan Sy lewe voordat Jesus rondbeweeg het met Sy dissipels. Volgens die Bybel het Jesus hom onderwerp aan Josef en Maria, Sy aardse vader en moeder. Gedurende hierdie tyd het Hy, Jesus, guns by God en mense gekry (Lukas 2:52)

Een van die baie opofferings wat Jesus terwille van ons verlossing bewerkstellig het, was dat Hy bereid was om iemand anders se belange bokant Sy eie te plaas. Hy het dit vrywillig en met oorgawe gedoen. Later in Sy lewe het Hy dit weer 'n keer gedoen. Jesus het gekies om die pad te loop wat Sy Vader vir Hom beplan het. Ons lees hiervan in Johannes waar Jesus kort voor sy laaste togna Jerusalem, sê : *" Niemand ontneem My my lewe nie, maar Ek offer dit uit my eie op. Ek het volmag om dit op te offer en Ek het volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van die Vader ontvang het."*

(Joh 10 :18 NLV)

Vanuit Jesus se voorbeeld sien ons 'n kontras vanuit God se ekonomie - om te "surrender" teenoor die wêreld se siening. Laasgenoemde beskou "surrender" om te erken dat jy verloor het, terwyl "surrender" onder God se plan, ons nie na verloor toe lei nie, maar dit is die enigste manier om deel te hê aan Sy oorwinning.

In ons soeke om 'n diepe verhouding met ons hemelse Vader te hê, kan ons nie hierdie beginsel ignoreer nie!

Persoonlike Gebed: Here, onseHere, ek staan skuldig voor U as ek leer van die voorbeeld wat U Seun so gewilliglik en met oorgawe gedoen het. Net omdat dit U wil was!

Vader, ek..(naam).. het kennis geneem van U versoek.....Ek moet erken dit is moelik en dit gaan teen my grein in om myself eenkant te skuif vir iets wat ek nie met my fisiese oë kan sien nie.

Vader, ek kies om my regte eenkant te skuif, om meer en meer aan U gelyk te word.

"**I** must bend to become a **C.**"

Lekker verjaar ...!

Verjaardae vandag en in die week:

31/01	WELNA KRUGER	083 409 8144
31/01	SANDRA VAN JAARSVELD	083 564 0300
01/02	WILLIE VAN DER MERWE	082 312 3392
02/02	JACO VAN DE VYVER	082 872 6873
03/02	PETRA SCHOEMAN	082 709 1444
04/02	PIETER NAUDÉ	082 858 4024

Mag die Here jou oorvloedig seën

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy ‘n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

Die Lewende Woord Vir Jou Vandag 📖

Prediker: Ds Stephan Briel

Lees: 1 Tess 5: 1-11.
Fokus: 1 Tess 5: 11.

Gesindheid waarmee gelowiges moet wag op Jesus se wederkoms.

- Volharding.
- Bemoediging van mekaar.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:

- Hoe kan ons met volharding wag op die wederkoms van Jesus?
- Waarom is die gemeenskap van gelowiges so belangrik?
- Hoe kan jy ‘n seën wees vir die mense rondom jou? (v 11)

Dankie! Baie dankie aan Neels Beyleveldt wat die afgelope week met sy span die kerkterrein deeglik opgeruim het.

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf:www.bergbron.org.za
Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za
Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)
Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com
Gebedsgroep –Gerhard en Susan Botha0835379770
Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023
Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349
Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705
kantoor@bergbron.org.za
Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
Ouderlinge: Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

Ander nuus

- **Sustersaamtrek**: uitnodiging is op die kennisgewingborde. Datum: 5 Maart, 08:00 vir 09:00 by The King's School, West Rand. Tema: Laat God se liefde weergalm, sprekers is prof Heilna du Plooy en Elana Bettings. Koste R 100. Dames word gevra om iets wit aan te trek.
- **Jannie Moolman en Corlea Botha**: 11 Maart by Hoërskool Florida. Kaartjies @ R 100 by Liza Heystek (083 273 8006) of NG Quellerina.